*Saterdag* **18 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jakobus 4:13-17**
**Fokusgedeelte: Jakobus 4:13-17**
**As die Here wil, en ons nog leef …**

Hoe verwaand kan ’n mens nie wees nie!

- Ek sal hierheen of daarheen gaan …
- Ek sal geld maak …
- Ek sal so of sus besluit vir my toekoms …
- Ek sal genoeg spaar om ’n kommervrye oudag te kan geniet …

Ek bepaal mos my eie toekoms, dan nie? Maar ons vergeet so maklik dat:

- God alleen soewerein en vrymagtig is;
- dat Hy sy doel met alles het;
- dat Hy my hele lewe in sy hande het; en
- dat ek ten volle van Hom afhanklik is!

Ek weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Ek is nie in beheer van my gesondheid, my beplanning, my toekoms nie. In een oomblik kan alles verander (Job 1)! My lewe “… is maar ’n miswolkie, wat net vir ’n kort rukkie verskyn, en dan weer verdwyn” (vs 14, AFR2020). Mense is maar “… soos ’n stoffie op ’n weegskaal” (Jes. 40:15, AFR1933/53).

Ons vergeet so maklik van “As die Here wil, en ons nog leef …” Ons vergeet so maklik daarvan dat ons grootste probleem, ons sonde en sondelas, hoegenaamd nie deur onsself uitgestryk en opgelos kan word nie …

Ons God het in sy vrymag en genade bepaal, nog voor die grondlegging van die wêreld, dat Hy sy eie Seun sou stuur, om met die hoogste prys denkbaar, ons van ’n sinlose bestaan en ’n verderflike toekoms te bevry!

Kom ons verneder onsself dan voor ons Almagtige God. Kom ons bely daagliks voor Hom ons nietigheid. Kom ons smeek Hom gereeld vir die krag en genade, die gesondheid en verstand, die nugterheid en gesonde oordeelsvermoë, wat vir ons so onontbeerlik is, elke dag van ons aardse bestaan. Kom ons gaan die onbekende toekoms in volle afhanklikheid van Hom tegemoet!

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)*